HOËRSKOOL SWELLENDAM

TOELATINGSBELEID

1. AGTERGROND

1.1 Die Hoërskool Swellendam is ’n openbare skool met regspersoonlikheid kragtens die bepalings van artikels 15 en 52 van die Suid-Afrikaanse Skolewet nr 84 van 1996, soos gewysig (“die SASW”).

1.2 Die Skoolbeheerliggaam (SBL) is kragtens die bepalings van artikel 5 van die SASW gemagtig om die Skool se toelatingsbeleid te bepaal, onderworpe aan die bepalings van die SASW en die Wes-Kaap Skole Onderwys Wet(WKSOW).

1.3 Die SBL neem kennis van die volgende statutêre bepalings (“die bepalings”) wat verband hou met die toelating van leerders tot die Skool of tot verskillende grade by die Skool:

1.3.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat in Wet nr 108 van 1996 (“die Grondwet”), in die besonder artikel 28(2) wat as volg bepaal: “'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak”;artikels 3(3), 3(4)(i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid nr 27 van 1996 (“die WNOB”);

1.3.2 die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, gepubliseer deur die Minister van Opvoeding in Staatskoerant nr 19377 gedateer 19 Oktober 1998 (Kennisgewing nr 2432/98) (“die Ministeriële Beleid”);

1.3.3 die Ouderdomsvereistes vir Toelating tot ’n Gewone Openbare Skool, gepubliseer deur die Minister van Opvoeding in Staatskoerant nr 19377 gedateer 19 Oktober 1998 (Kennisgewing nr 2433/98);

1.3.4 subartikels (4) tot (10) van die WKSOW;

1.3.5 die Wysigingswet op Onderwyswette, Nr. 50 van 2002.

1.4 Die Skool en sy SBL verwys na die tersaaklike gedeeltes van die bepalings tot die mate waartoe dit geldig en bindend op hulle is en voorrang mag geniet bo die SBL se bevoegdheid om die toelatingsbeleid van die Skool te bepaal, maar is vas van voorneme om die Skool se toelatingsbeleid ten volle te implementeer binne die raamwerk van die bepalings en enige ander toepaslike bepalings wat van tyd tot tyd mag geld.

1.5 Die SBL is daarop ingestel om ‘n omgewing te skep waarbinne hoë gehalte akademiese onderrig sal plaasvind, sodat leerders vir verdere studies aan enige tersiêre instansie, insluitend universiteite, universiteite van tegnologie en kolleges kan gaan studeer.

2. DIE TOELATINGSBELEID

Die SBL verklaar hiermee namens die Skool dat die Skool se Toelatingsbeleid vir die Toelating van Leerders tot die Skool of tot die Verskillende Grade by die Skool (“Die Toelatingsbeleid”), die volgende is:

2.1 Aansoek om toelating tot die Skool

2.1.1 Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat, ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige voog(de) van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die Skool en SBL geen aansoek tensy dit skriftelik ingedien word deur die voog(de) van, of die persoon/persone met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige leerder, of 'n persoon/persone wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die leerder in loco parentis, vir die leerder se deelname aan uitstappies, ensovoorts;

2.1.1.1 Totdat die Onderwysdepartement ’n ander aansoekvorm mag voorskryf, moet alle aansoeke om toelating tot die Skool op die aansoekvorm, waarvan ’n voorbeeld hierby aangeheg word, en wat deur die prinsipaal voorsien moet word, gedoen word;

2.1.1.2 Die prinsipaal sal verseker dat ouers die nodige bystand verleen word om die aansoekvorm te voltooi, en moet die ouers meedeel dat dit ’n oortreding is om ’n vals verklaring oor die leerder se ouderdom te maak. Daar sal van aansoekers verwag word om skriftelik te bevestig dat hulle kennis neem van die volgende dokumente, dit begryp en verstaan:

2.1.1.2.1 die SBL-Grondwet;
2.1.1.2.2 die Skool se Taalbeleid;
2.1.1.2.3 die toepaslike weergawe van die Finansiële Beleid en betaling van skoolfonds;
2.1.1.2.4 die Gedragskode vir Leerders;
2.1.1.2.5 hierdie Toelatingsbeleid.
2.1.1.2.6 Dokumente t.o.v. (2.1.1.2.4) en (2.1.1.2.5) sal ingesluit word met die aansoekvorm;

2.1.1.3 Hoewel aansoekers se weiering om die Skool se Gedragskode vir Leerders (insluitend kleredragkode) te onderskryf nie die toelating van die leerder tot die Skool kan verhoed nie, sal die kode nietemin bindend wees vir die leerder.

2.1.1.4 Artikel 8(4) van die Skolewet bepaal soos volg: “Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.”

2.1.1.5 Aansoekers word aangemoedig om die Skool te ondersteun deur hulleself van die Skool se Gedragskode vir Leerders te vergewis en die nakoming daarvan deur leerders te verseker;

2.1.1.6 Benewens die aansoekvorm moet die volgende dokumente en/of inligting aan die prinsipaal as verteenwoordiger van die SBL voorsien word:

2.1.1.6.1 die oorspronklike of ’n gesertifiseerde afskrif van die geboortesertifikaat of identiteitsdokument van die leerder – indien dit nie beskikbaar is nie, kan die SBL die leerder voorlopig toegelaat word hangende die verkryging van ’n afskrif vanaf die Departement Binnelandse Sake binne drie maande;

2.1.1.6.2 ’n gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument asook die naam, woonadres, werksadres en alle telefoon-faks- of posbesonderhede van elke persoon wat val binne die omskrywing van “ouer” van die betrokke leerder in terme van die SASW;

2.1.1.6.3 ’n gesertifiseerde afskrif van die Hofbevel ter bewys van die voogdyskap of bewaring of enige soortgelyke reg van die persoon (“ouer”) wat daarop aanspraak maak;

2.1.1.6.4 besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die leerder ly;

2.1.1.6.5 bewys dat die leerder geïmmuniseer is teen polio, masels, tuberkulose, difterie, tetanus en hepatitis B – indien die ouer nie in staat is om die nodige bewyse te lewer nie, moet die prinsipaal die ouer inlig dat die leerder geïmmuniseer kan word in terme van die primêre gesondheidsorgprogram;

2.1.1.6.6 indien die leerder van ‘n skool in ander provinsie oorgeplaas word, die oorplasingsertifikaat deur die prinsipaal van die vorige skool voltooi – indien sodanige sertifikaat nie beskikbaar is nie, mag die leerder tot die skool toegelaat word en in ’n bepaalde graad geplaas word op grond van die volgende dokumentasie:

2.1.1.6.6.1 die jongste skoolrapport van die vorige skool;

2.1.1.6.6.2 ander soortgelyke dokumentasie en vakportefeuljes (slegs vir hoërskoolleerders) van die vorige skool;

2.1.1.6.6.3 ’n beëdigde verklaring van die ouer waarin die rede vir die nie-beskikbaarheid van die oorplasingsertifikaat en die graad waarin die leerder in die vorige skool was, vermeld word;

2.1.1.6.7 leerders afkomstig uit skole binne die WKOD, moet hul oorplasingsvorm (CEMIS-vorm) hê alvorens hul aansoek oorweeg sal word;

2.1.1.6.8 ’n verklaring van die vorige skoolhoof oor die leerder se dissiplinêre rekord en besonderhede van enige ernstige oortreding waarvan die leerder skuldig bevind mag gewees het deur ’n hof of ’n SBL van ’n vorige skool deur die leerder bygewoon;

2.1.1.6.9 besonderhede van enige spesiale behoeftes wat die leerder mag hê ten einde sinvolle onderrig by die Skool te kan ontvang;

2.1.1.6.10 besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die Skool bewus moet wees ten einde die beste belange van die leerder en/of die ander leerders van die Skool te verseker;

2.1.1.6.11 oorouderdom leerders sal nie toegelaat word nie;

2.1.1.6.12 by toelating behoort leerders nie ouer te wees as:

Gr. 8 - 16 jaar	Gr. 11 - 19 jaar
Gr. 9 - 17 jaar	Gr. 12 - 20 jaar
Gr. 10 - 18 jaar	

2.1.1.6.13 Waar 'n leerder of voornemende leerder drie of meer jaar bo die normale, wetsvoorgeskrewe ouderdom vir sy/haar betrokke graad is, of vir die graad waarom daar namens hom/haar aansoek gedoen word, moet die Skoolhoof die SBL raadpleeg oor of die leerder tot 'n toepaslike graad by die Skool, of ’n oorbruggingsprogram of bespoedigingsfasiliteit van die Direkteur: Onderwys toegelaat moet word, voordat daar op optrede onder die bepaalde omstandighede besluit word;

2.1.1.6.14 Uitgesette leerders van ander skole wat nie meer skoolpligtig is nie, word nie toegelaat nie;

2.1.1.6.15 Uitgesette leerders van ander skole wat skoolpligtig is, se aansoeke sal deur die SBL hanteer word;

2.1.1.6.16 Uitgesette leerders van ander skole wat skoolpligtig is, maar wat nog afwagtend is vir die uitslag van enige dissiplinêre of krimenele ondersoeke teen die uitegesette leerder, sal nie vir toelating oorweeg word voordat die ondersoeke nie voltooi en die finale uitslag van alle ondersoeke of appélle bekend is nie.

2.1.1.6.17 Aansoeke open in Aprilmaand van die voorafgaande jaar en sal by wyse van advertensies in die plaaslike media en deur die kommunikasiekanale van die skool aan die ouers en belangegroepe geskied.

2.1.1.6.18 Die sluitingsdatum vir die eerste rondte aansoeke is op die laaste skooldag van die tweede kwartaal van voorafgaande jaar.

2.1.1.6.19 Die sluitingsdatum van die finale rondte aansoeke is op die laaste skooldag van die derde kwartaal.

2.1.1.6.20 Ouers sal binne die eerste twee weke van die vierde skoolkwartaal skriftelik deur die skoolhoof in kennis gestel word van die uitslag van die aansoek. Redes sal verskaf word aan onsuksesvolle aansoekers.

2.1.1.6.21 Indien dit blyk dat ‘n aansoek om toelating wesenlik foutiewe inligting bevat, word so ‘n aansoek verwerp. Enige toelating wat op grond van wesenlik foutiewe inligting verkry is, is ongeldig.

2.2 Toelating van Nie-Burgers

2.2.1 Die SASW en hierdie Toelatingsbeleid is ook van toepassing op leerders wat nie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie en wie se ouers in besit is van ’n tydelike of permanente verblyfpermit uitgereik deur die Departement Binnelandse Sake;

2.2.2 ’n Leerder wat kragtens ’n studiepermit in die land is moet die studiepermit voorlê tydens sy/haar aansoek om toelating tot die Skool;

2.2.3 Persone geklassifiseer as onwettige vreemdelinge moet, wanneer hulle aansoek doen om toelating van hul kind of kinders tot die Skool, bewys lewer dat hulle aansoek gedoen het by die Departement Binnelandse Sake om hulle verblyf in die land te wettig ingevolge die Wet op Vreemdelinge-Beheer nr 96 van 1991;

2.3 Voorkeurorde van Toepassing op Aansoeke om Toelating

2.3.1 Tensy en totdat die Departementshoof in oorleg met die SBL anders besluit, is die natuurlike voedingsgebied van die Skool Swellendam se dorp en omliggende gebiede;

2.3.2 Die Skool is tans 'n Afrikaansmedium-instelling en beskik dus oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie leerders wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is;

2.3.3 Aangesien die Skool en die SBL weet dat hulle nie onregverdig teen 'n leerder mag diskrimineer namens wie 'n toelatingsaansoek ingedien word nie en dus geensins van voornemens is om te diskrimineer nie, en hoewel hulle graag hulle deel tot leerderonderrig in vennootskap met die Staat wil bydra, begryp hulle dat die Skool nie alle leerders kan inneem nie en dat een of ander vorm van billike diskriminasie rakende leerdertoelating onvermydelik is. Daarom en in die lig van voorgenoemde, is dit die Skool se beleid dat aansoeke in die volgende volgorde van voorkeur hanteer word:

2.3.3.1 Aansoeke namens leerders wat bona fide saam met hulle ouer(s) (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

2.3.3.2 Aansoeke namens leerders wat bona fide saam met hulle ouer(s) (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

2.3.3.3 Aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

2.3.3.4 Aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

2.3.3.5 Aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is, en wat 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

2.3.3.6 Aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die aansoekvorm aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is, en wat graag 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

2.3.3.7 Die SBL se uitgangspunt is dat deelname aan sport en kultuur belangrik is vir enige kind se geheelopvoeding en sal daar voorkeur gegee word vir kinders met bewese deelname aan sport en buitemuurse aktiwiteite wat deur die skool aangebied word.

2.3.3.8 In die lig van ‘n groeiende populasie van nuwe intrekkers in Swellendam, sal die SBL jaarliks, na die einde van die eerste rondte aansoeke van die voorafgaande jaar, vasstel watter getal gereserveer moet word in die skool vir wettige voogde, wat weens verhuising na Swellendam, nie hul kind(ers) voor die sluitingsdatum vir aansoeke kon inskryf nie.

2.3.3.9 Laastens, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon en wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is, op 'n eerste-kom, eerste-keuse-grondslag.

2.3.3.10 Nieteenstaande voorgenoemde en in oorleg met die Departementshoof van Onderwys, behou die SBL die reg om oorheersende voorkeur te gee aan broers of susters van leerders wat reeds by die Skool ingeskryf is.

2.3.3.11 Die toelatingsproses is voorts onderhewig aan die kapasiteit van die skool wat as volg is:

2.3.3.11.1 Die SBL sal jaarliks, in die voorafgaande jaar, na die eerste rondte van aansoeke die totale getal leerders, die getal leerders per klas, die getal leerders per graad vasstel. Hierdie getalle sal gebaseer wees op die grootte van die klasse, aantal banke, beskikbare onderwysers en ander hulpbronne.

2.3.3.11.2 Die Skool fokus op die Wetenskappe – Ekonomiese sowel as Natuurwetenskappe. Die volgende vakke waarin wiskundige vaardigheid 'n voorvereiste is word aangebied: Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Wiskundige Geletterdheid, Rekeningkunde, Ekonomie en Rekenaarstudies. Ten einde te verseker dat daar genoeg leerders is wat oorgaan na Graad 10, 11 en 12, in die wetenskappe, is dit belangrik dat die Skool leerders aanvaar wat oor wiskundige vaardigheid beskik.

2.4 Waglys

Indien 'n leerder wel vir toelating kwalifiseer, maar weens onvoldoende ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne nie geakkommodeer kan word nie, moet die skoolhoof sodanige leerder se naam op 'n waglys plaas en die WKOD daarvan verwittig. Die skoolhoof kan op 'n billike wyse toelating verleen aan leerders wie se name op die waglys is, wanneer ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne beskikbaar raak.

2.5 Reg tot Appél

Enige leerder of die ouer van enige leerder wat toelating tot die Skool geweier is, mag appelleer na die Departementshoof vir Onderwys in die Wes-Kaap in terme van artikel 5(9) van die SASW.

2.6 Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes

2.6.1 Leerders met spesiale onderwysbehoeftes sal tot die Skool toegelaat word mits dit prakties uitvoerbaar is met verwysing na die Skool se fasiliteite en dit ook in die beste belang van die betrokke leerder asook ander leerders van die Skool is.

2.6.2 Waar die nodige fasiliteite om in die behoeftes van die betrokke leerder te voorsien nie beskikbaar is nie, moet die prinsipaal die aansoek na die Hoof van Onderwys verwys ten einde die leerder tot 'n gepaste openbare skool toe te laat.

2.7 Skoolgeld

Ouers van leerders word aangemoedig om die hoë onderrigstandaard en die goeie skoolfasiliteite en -omgewing in stand te hou deur skoolgeld te betaal en waar hulle algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld ontvang, hulle dienste tot voordeel van die Skool aan die SBL beskikbaar te stel.

2.8 Die SBL en die Leerders van die Skool

2.8.1 Alle leerders is geregtig op die uitoefening van hul regte en onderworpe aan die nakoming van hul pligte soos uiteengesit in die Skool se Kode van Regte en Pligte, as deel van die Gedragskode vir Leerders;

2.8.2 Die SBL beskou dit as sy plig om die opvoeders, leerders, ouers en nie-opvoederpersoneel van die Skool teen fisiese en geestelike geweld te beskerm met die volle magte tot sy beskikking, en om die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders te ontwikkel. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, behou die SBL die reg voor om:

2.8.2.1 die dissiplinêre rekord van enige voornemende leerder van die Skool te bestudeer en om alle stappe binne sy bevoegdhede te neem om die toelating tot die Skool van 'n leerder wie se optrede of gedrag die bogemelde belange mag bedreig, te voorkom;

2.8.2.2 teenstand te bied teen en die wysheid te bevraagteken van die plasing van ’n leerder in ’n bepaalde graad in die Skool indien die leerder ernstig benadeel sal word weens sy/haar onvermoë om sinvol te kommunikeer of mee gekommunikeer te word op die vlak wat nodig is vir behoorlike onderrig in die betrokke graad;

2.8.3 Die SBL sal sodanige maatreëls as wat prakties moontlik is tref, in ag genome die bepaalde omstandighede by die Skool, om ’n gestremde voornemende leerder tot die Skool toe te laat;

2.8.4 Die SBL sal van enige lid van die personeel, leerder of ouer verwag om enige miskenning van daardie regte en belange wat die SBL poog om te beskerm, aan die SBL te rapporteer.

2.9 Die Ouers en die Skool / SBL

2.9.1 Die ouer(s) / voog(de) van die leerder word versoek om die aangehegte toestemming te onderteken, waardeur die personeel van die Skool gemagtig word om in enige noodgeval in die beste belang van die leerder op te tree of om die leerder se pyn of ongerief te verlig, totdat die ouer(s) / voog(de) kan oorneem.Die ouers van leerders van die Skool beskik oor verskeie regte, en word in hierdie verband verwys na die Kode van Regte en Pligte synde deel van die Gedragskode vir Leerders. Onder andere het hulle die reg om geraadpleeg te word in die formulering van die Skool se Taal- en Godsdiensbeleid en Gedragskode, of enige wysiging daarvan.

2.9.2 Ouers word aangemoedig om betrokke te raak by al die werksaamhede van die skool, om leerders by te staan met hul huiswerk en om toe te sien dat hul kind behoorlik toegerus is om te volle in die leerproses te kan deelneem en om die Skool stiptelik en gereeld by te woon.

2.10 Skooleiendom

2.10.1 Aansoekers se aandag word op die volgende gevestig:

2.10.1.1 Elke leerder by 'n openbare skool moet goed omsien na die eiendom van die skool wat tot sy/haar beskikking gestel word, en sal dit voor of op die datum wat deur enige opvoeder by die skool aangedui word, aan die skool terugbesorg.

2.10.1.2 Die ouers van 'n leerder by 'n openbare skool sal aanspreeklik wees vir enige skade aan of verlies van skooleiendom waarvoor die betrokke leerder op sy/haar beurt teenoor die skool aanspreeklik is.

2.10.1.3 Dit is elke ouer se plig om die Staat en die SBL van 'n skool in die bevordering van 'n kultuur van respek vir skooleiendom by te staan.

2.11 Risiko van Skade of Verlies

2.11.1 Aansoekers word daarop gewys dat die Skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies van enige eiendom wat deur die leerder of sy/haar ouer(s) op die Skoolperseel gebring word nie, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, en of dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word.

2.11.2 Leerders word aangemoedig om enige eiendom wat deur hulself op die Skoolperseel gebring word op te pas en aansoekers en ouers van leerders word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

2.12 Christelike Karakter van die Skool

2.12.1 Die Hoërskool Swellendam strewe na ‘n Christelike waardegedrewe lewenstyl met akkommodering van ander gelowe.

2.12.2 Van leerders word verwag om die volgende te eerbiedig: VCSV, saalpraatjies, Bybelonderrig.

2.12.3 Die leerders moet die kultuur, tradisies, simbole en etiese waardes van die skool eerbiedig.

2.12.4 Leerders moet die nasionale- en skoolsimbole eerbiedig.

2.12.5 Die voorgeskrewe skooldrag is verpligtend.

2.12.6 Leerders moet hulle neerlê by die skoolreëls en moet die gesagstrukture van die skool eerbiedig.

2.13 Wysiging van die Toelatingsbeleid

Hierdie Toelatingsbeleid kan van tyd tot tyd deur die SBL gewysig of aangevul word.

Opgedateer: Mei 2021

S Dreyer
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

N Pelser
SKOOLHOOF